## *Week 7: Memoriseer en mediteer (Oordink die Woord)*

***19 – 25 Mei***

1. Mens tot mens: Ons het die afgelope Sondag die Nagmaal gevier. Deel met mekaar julle eie belewenisse van hierdie maaltyd van die Here. Praat met mekaar oor hoe die Here julle geloof Sondag, of in die verlede, al deur die nagmaal versterk het.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Mens tot God: Dink aan die eenvoudige maaltyd wat die nagmaal is en dank God daarvoor dat Jesus deur hierdie tekens nog altyd sy kerk versterk. Loof Hom vir Sondag se nagmaal en bid dat ons die krag wat ons uit hierdie ete aan Jesus se tafel mag gebruik om sy Naam te eer en sy koninkryk te bou.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   Lees **Ps 18:47** hardop voor as lof aan die Here:

   Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is.
   Ek prys my God wat my gered het.

3. God tot mens: Bid nou dat die Here die Woord sal oopmaak en dat Hy helder met elkeen sal praat, nie net deur die Skrif nie, maar ook deur die mense rondom ons wat saam luister na sy stem.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Lees Psalm 1: 1 – 6. Psalm 1 is die inleiding vir al die liedere wat volg. Wat tref julle van hierdie lied? Is iets van hierdie Psalm op jou van toepassing?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5.1 Daar is in die Psalms ’n skerp kontras tussen regverdiges teenoor goddeloses. Bespreek hierdie skerp kontras waarvan ons in Psalm 1 lees.

Regverdige:

____________________________________________________________

____________________________________________________________

Goddelose:

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5.2 Kan ons hierdie verskille vandag nog in ons wêreld raaksien?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5.3 Wat beteken die aanmoediging in vers 2 dat ons ons vreugde in die Woord van die Here moet vind? Wat beteken dit in terme van die geestelike dissiplines waaroor ons die kwartaal praat?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

5.4 Hy sê dat ons die Woord dag en nag moet oordink. Hoe gaan dit ons help om dit te doen as ons die Woord:

Lees: ________________________________________________________

Bestudeer: ___________________________________________________

Luister: _____________________________________________________

Mediteer: ___________________________________________________

Memoriseer: _________________________________________________

5.5 Watter effek sal dit volgens vers 3 op ons lewe hê as ons so met die Woord omgaan?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

6. Waarvoor sal ons bid?

6.1 vir die gemeente? ___________________________________________

___________________________________________________________

6.2 vir die wêreld/gemeenskap? _____________________________________

___________________________________________________________

6.3 vir mekaar? ____________________________________________________________

____________________________________________________________

7. Wat gaan ons nou doen? Maak ’n punt daarvan om ten minste met een persoon in die week te praat en met hom of haar te deel wat die Bybel vir jou in jou lewe beteken.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________